JY, KULTUUR EN ONS

Woord skep probleem

Dit sal interessant wees om te hoor waaraan jy eerste dink as jy die woorde “kultuur” en “Afrikanerkultuur” hoor. Waarmee assosieer jy hierdie sake as jy onmiddellik moet reageer, sonder tyd om daaroor na te dink?

Opdrag 1

Laat elkeen in julle span of byeenkoms dit as julle eerste aktiwiteit oor hierdie onderwerp doen. Elkeen gee net een woord of sin vir waaraan hy/sy dink as die woorde “kultuur” en “Afrikanerkultuur” gebruik word.

Noudat julle daarmee klaar is, wil ek graag wys op 'n paar misverstande by mense oor hierdie saak.

Kultuur net georganiseerd

Daar is mense wat kultuur en die beoefening van Afrikanerkultuur beskou as iets wat net moontlik is as jy dit organiseer. Iets wat jy eintlik net in die skoolsaal, klaskamer of bedompige sinkfeeshuis iewers aantref. Jy ken dit mos.

Die tafeltjie van die stemmige, ongemaklike programleier - skoon en rooi geskrop vir die geleentheid gedek met 'n kleedjie wat iemand inderhaas iewers uitgegrawe het. Daarby die ronde rangskikking. 'n Formele ding wat saamloop met spanning voor optredes en die gemanierde applous van ma's en pa's en beste vriende agterna. Alles in skooldrag. As daar die slag 'n groot gehoor is, word dit veral moontlik gemaak deur die skoolkoor of spreekkoor van die skool wat aan die einde optree.

Dit gaan oor beheersde sanguitvoerings, kunswedstryde, resitasies, uitstallings en, as dinge nou werklik georganiseer word, revue- en toneelopvoerings. Daarby die talle goedbedoelde wenke vir toespraak hou: nie 'n te groot papiertjie nie; voete op vyf voor twaalf en nie rondtrap nie; gebruik die kateder; 'n meesleurende inleiding, 'n aanhaling of twee van een of ander wyse mens, en opsommende slot.

Of, as jy nou nie so stemmig en outyds soos hierdie ouens wil wees nie: iets in die sin van Oppi-koppi of sommige optredes by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees. Iets wat dit uitbulder dat jy anders is, moeg is om soos ander te wees en graag skok om op die kaart te kom. Al glo net jy en 'n paar uitverkorenes wat “verstaan” dat jy dít in jou het.

Hierdie neiging om weg te doen met ordentlike Afrikaans en ordentlike dinge waaroor jy skryf en sing. Jy beweer mos die werklikheid is vuil, negatief en vol gemixde, “cool” taalslêng. Ten minste, jóú werklikheid lyk so. Jy sal ook daarvoor sorg dat ons ander uit ons “common” boersheid en onkunde geruk word en 'n slag soos jy bykom. Jy verafsku dit dat ons op iets uit die verlede trots kan wees en nie ingelig genoeg is om te weet dat suiwer Afrikaans, 'n gewone, goeie storie uit ons eie bodem en die siening dat iets mooi kan wees sonder om anders te wees, van 'n piesangmentaliteit getuig nie.

Om jou kulturele merk te maak, moet een of ander aap egter vír jou die geleentheid skep. Dis beslis nie jou afdeling nie!

Kultuurloos?

'n Volgende misverstand is dat mense dink dat jy sonder kultuur kan klaarkom.

Ek dink aan die “brekers” van die “suburbs”, middestad en boerevereniging wat gril as hulle en hulle klas meisie aan georganiseerde kultuur dink. Die naaste wat hulle daaraan kom, is die blinkvryf van daardie indrukwekkende, brullende ysterperd, die verfskets op daai T-hemp wat die antwoord op die vraag of hy skoon of vuil is, moet kamoefleer én die knak van 'n ruim getal “kasteelblikke” aan die voet van Oppi-Koppi of by die boerebraai.

Hulle opsê van resitasies in standerd 5 bly nog net 'n vae, onaangename herinnering. Toesprake spreek hulle nie aan nie, tensy Hansie of een van die manne sportgeheime of lekker stories uit die binnekring verklap. Om onder preke of redes te slaap, is deel van hulle identiteit. Hulle is die braaivleis-, rugby-, jolige naweek- en supersporttipes wat hoofsaaklik met hulle oë deelneem en deur hulle monde inneem.

Op 'n manier leer hulle tog verder na skool. Hulle lewenswyse skep egter die indruk dat alles aan 'n noodwendigheid onderworpe is: hulle sleepvoet aanwesigheid by die disko, voorspelbare gekoringraak by

sekere funksies, en glasige gesigsuitdrukkings saam met hulle meisies of ouens. Sang en kuns wat ook hulle eie bestaan beskryf, laat hulle in baie gevalle oor aan 'n groepie wat hulle as anders beskou. Hulle floreer op die deurblaai van suggestiewe Engelse tydskrifte en lees feitlik nooit 'n Afrikaanse boek van enige aard nie. Klassieke musiek is vir hulle ouwêrelds en te hoog, maar hulle kan dit ook nie gou genoeg uitblaker dat hulle eintlik daarop neersien nie. Hulle voel hulle nie kultureel betrokke nie en bekommer hulle nie oor hoe hulle praat of wat van die taal en kultuur van hulle kinders al word nie.

Beide hierdie groepe, diegene wat meen dat kultuur altyd 'n georganiseerde ding moet wees én diegene wat reken dat hulle daarsonder kan klaarkom, het die kat aan die stert beet. Voordat ons egter verduidelik hoekom ons almal in alles wat ons doen, met kultuur besig is, wil ons eers na 'n paar voorwerpe kyk en besluit of dit met kultuur verband hou.

Opdrag 2
Die offisier of persoon wat die program aanbied, kan nou verskeie voorwerpe aan die res van die span of groep voorlê met die versoek dat hulle sê watter voorwerp met kultuur verband hou. Hulle moet hulle antwoorde kan motiveer. Voorbeelde van voorwerpe is: 'n biltongsnyer, Springbokrugbytrui, lemoen net so, dagstukkieboekie en koerant. Omdat kultuur alles insluit waarin die hand van die mens te sien is, is net die lemoen nie die produk van kultuur nie. Al die ander is kultuurvoorwerpe, dit is verwerkte produkte, maar die lemoen is 'n natuurvoorwerp (tensy jy hom skil, sny of sy sap uitdruk). Daar is dus dinge soos jou eetkultuur met eetkultuurvoorwerpe; sportkultuur met sportkultuurvoorwerpe; geloofskultuur met geloofskultuurvoorwerpe ens.

Alles wat mens doen is kultuur
Vanuit die Bybelse opvatting van die mens kan ons sê dat kultuur alles is wat die mens doen of tot stand bring. Alles waarin die mens se hand te sien is of wat die mens se doen en late onderskei van die dier.

Die filosoof HG Stoker vat dit goed raak as hy dit verduidelik aan die hand van die oud-Frigiese sage van koning Midas. Hiervolgens sou Midas van die gode 'n gawe ontvang het om alles wat hy aanraak, in goud te verander.

“So het die mens ook 'n gawe… alles wat hy aanraak, word kultuur. As hy velde aanraak, word dit plase… wol word klere… koring brood… fisieke klanke en geluide… taal en musiek. Van osse maak hy trekosse en van honde… speurhonde en skoothondjies…”

In sy kontak met mense, in sy vorming van huwelike, kerke, volke, state en politieke partye, in sy sny van 'n riet waarvan hy 'n fluit maak en waarop hy pragtige klanke voortbring, in sy vasvat van woorde om iets gevat en raak te beskryf, in dit alles is die mens besig met kultuur. Dit sluit sy grappies, sport en vuurmaak vir 'n vleisie in.

Daarby is kultuur meestal dinamies en ontwikkelend. Dit blyk uit die baie teorieë oor waarvan en hoe jy die beste braaivleisvuur maak; die ontwikkeling van die reëls van byvoorbeeld rugby om dit vinniger en veiliger te maak sodat dit in die moderne tyd kan oorleef; en die feit dat atletiekrekords weens beter tegnieke (hoogspring is 'n voorbeeld) en afrigtingsmetodes steeds verbeter word.

Dit bring ons by 'n volgende en uiters belangrike punt.

Alles of enige ding in die lewe is eers moontlik as God dit moontlik maak. Dit doen Hy deur sy wet as basis te gee waarop alles bestaan, funksioneer en gebeur. Omdat ons egter as totale sondaars in die lewe kom, het ons die natuurlike neiging om hierdie wette te ignoreer en te oortree. Selfs al verlos die Here jou in Jesus Christus, sit jy nog met ou sondige natuur in jou (Gal 5). Dit beteken dat ons alles óf reg óf verkeerd kan doen.

Enige ding wat ons doen, doen ons óf gehoorsaam óf ongehoorsaam aan God. Ek gee voorbeelde.

Goeie sosiale kultuur bevat goeie kommunikasie en begrip, wedersydse respek en 'n omgee vir die mense met wie jy gesels. Dit is God se wil. Die teenoorgestelde hiervan is gebrekkige kommunikasie, haat en naywer. 'n Sportsoort wat van jou fisies en geestelik 'n beter mens maak, jou gebalanseerd ontwikkel en wat sportmangees en gesonde kompetisie bevorder, is diens aan God. Maar sport wat selfsug stimuleer en waarin jy jou medemens byna moet doodslaan om te kan wen, is ongehoorsame kultuur.

Selfs 'n biertjie wat die dors vasvat en wat jy nog by jou volle positiewe geniet, is 'n nuttige kultuurproduk. Maar dronkenskap en 'n bierpens getuig van losbandigheid (Ef 5:17-18). Oefening wat jou vlymskerp vir die kompetisie maak, wat jou in staat stel om die tegniek van die bepaalde sportsoort te beheers, en wat jou

liggaam as tempel van die Heilige Gees opbou (1 Kor 6), is om God se gawes aan ons reg te waardeer. Maar as jy fanaties raak en selfs beserings ignoreer of doodspuit net omdat jy uit selfsug roem en eer soek, dien jy 'n afgod. Verbode stimulante wat jou liggaam op die lang duur verwoes, is selfmoord en 'n vergryp aan die tempel van die Gees.

Om in liefde en trou aan iemand van die teenoorgestelde geslag verbind te wees, verdiep jou menswees. Maar verhoudinge wat net op seks bou, is dolleeg. Geestelike liedere wat die genade van God besing en hom eerste stel, bring bestendigheid in die geloof. Maar liedere wat al die klem op my en wat ék vir die Here doen laat val, en wat met 'n herhaling van dieselfde woorde en 'n oordadige ritme emosioneel probeer opsweep, dui op geestelike verval en bolangsheid.

In ongehoorsaamheid aan God maak die sondige mens van wol klere om seksueel te verlei en die liggaam te verafgod; van klank droggeluide om iemand anders te beledig en te vervloek; en van wuiwende grasvelde verspoelde plase en uitgeputte grond. Om dieselfde rede word staatsgesag misbruik om my mense bo ander te bevoordeel; geld aangewend om mense tot oneerlikheid te verlei; en die kuns verlaag om Christelike lewenswaardes in diskrediet te probeer bring.

Dit bring ons by 'n opmerking of twee oor die twee misverstande waarna ek in die begin verwys het.

Kultuur: georganiseerd en spontaan

In die lig van ons uiteensetting van kultuur is beide die georganiseerde kultuurgroepe en diegene wat meen dat hulle sonder kultuur kan klaarkom, besig met kultuur.

Die vraag is nie of jy jou met kultuur ophou of nie. Alles waarin die hand van die mens gesien kan word, is in elke geval kultuur.

Die vraag is eerder: gebruik jy ál die gawes wat God aan ons gegee het én, indien jy van hierdie gawes gebruik, gebruik jy dit reg?!

Jou kultuur vertel aan ander hoe jy die lewe sien en benader, wat binne in jou aan die gang is. Jou kultuur vertel soms ook sonder woorde hoe jy op sekere terreine gegroei en ontwikkel het en wat jou eie styl, smaak en voorkeure behels. Daarom wys jou kultuur ook uit dat jy aan 'n sekere volksgemeenskap behoort, omdat jy die hedendaagse styl van byvoorbeeld 'n Afrikaner, Zoeloe of Ier vertoon.

Afrikaners deel meer met mekaar as net Afrikaans.

Dink maar aan ons soort humor wat net ons verstaan; aan ons sosiale aanspreekvorme soos “Oom” (wat nie familie is nie, al grom party hieroor!), “Tannie” en “Meneer” vir daardie onnie wat jy so leer waardeer het; aan ons liefde vir sekere kosse wat ons hier in Afrika ontwikkel het; aan ons gehegtheid aan ons land of die streek waarin ons woon (daarom sing ons van Natal, die Klein Karoo, “Nêm” of Suidwes ensovoorts en skree ons “Vrystaa-a-a-t” as ons in Londen kom); aan ons gevoel vir Afrikanerhelde soos De Wet, De la Rey, Kruger en Steyn.

Opdrag 3
Hou 'n vinnige ideëberaad in die groep en maak 'n lysie van dinge wat Afrikaners met mekaar deel - afgesien van Afrikaans.

Volkskultuur

Behalwe dat kultuur nooit ophou om te verander en te ontwikkel nie, het God dit ook in sy wette vir die lewe bepaal dat verskillende mense dit op hulle eie manier of styl kan uitleef. So word volke en volkskultuur gevorm.

Twee dinge moet hier bygevoeg word. Die een is dat vorme van gehoorsaamheid én ongehoorsaamheid in elke volk voorkom omdat elke volk uit sondige mense bestaan. Al is sommige van hulle gered, is hulle nog nie volmaak nie. Die ander ding is dat volke nie geïsoleerd van mekaar kan bestaan nie. Veral nie in ons elektroniese eeu nie. Daarom “leen” volke ook sekere modes en gebruike by mekaar. Ons sien dit byvoorbeeld in melodieë vir liedere, kleredrag, die oorneem van sekere woorde wat internasionaal geword het en rekenaarterme.

Hierdie oor en weer beïnvloeding is sterker waar daar meer as een volk in 'n land woon: soos hier in Suid-Afrika. Wat egter ook waar is, is dat dat daar 'n wanbalans is én boonop 'n kulturele swakheid of minderwaardigheid by een groep voorkom as hulle aanhou woorde “leen” by 'n ander taal en selde iets teruggee.

Ek dink hier aan Afrikaners wat net nie meer volledig in Afrikaans kan dink nie. Wat hulle taal deurspek met Engelse woorde en wat Engelsgedomineerd oorkom. Hoe dikwels moet ek nie die beskamende toneeltjie aanskou dat 'n Afrikaner net nie op 'n paslike woord in Afrikaans kan kom nie, terwyl daar lekker, sappige Afrikaanse terme beskikbaar is. Die probleem lê nie by Afrikaans nie, maar by Afrikaners wat hulle nie in 'n omgewing waarin Engels sterk funksioneer, geestelik kan handhaaf nie. Soos die ou gesê het: Dis om van te huil!

Uit hierdie eie styl of manier van doen ontwikkel daar dus volkstradisies of gebruike wat die betrokke mense kultureel van ander onderskei en waarop hulle trots word. 'n Ander woord hiervoor is volksidentiteit. Interessant genoeg is hierdie tradisies soos die kultuur waarvan hulle deel vorm: dit verander en vermeerder gedurig. Meer nog, sekere tradisies is goed en ander sleg in die lig van God se wet. En vir die slegtes moet 'n kind van God wat ook deel van sy volk of gemeenskap is, geen ooghare hê nie. Dit moet eenvoudig uitgeroei word!

Die toekoms: kultuur en ons

Ek kan nie anders nie as om te kom met 'n laaste opdrag. 'n Opdrag vir die span wat julle elkeen na skool in sy eie omgewing moet gaan uitvoer.

Ons het reeds gesien dat georganiseerde kultuur ook kultuur is. Maar, georganiseerde kultuur is ook nie net die formele voordrag of toespraak nie. Dit is ook iets soos Aardklop en die Klein Karookunstefees. Dit is ook die informele sang en vermaak vir jou en jou vriende wat by 'n dam of spuitfontein of opelugkafee gereël word. Dit sluit ook iets in soos die taalmanne wat voorleggings maak en die plek van Afrikaans op TV debatteer. Dit gaan ook om 'n plakkerkompetisie of graffitimuur by die skool: alles dinge wat organisasie verg.

Om ter wille van Afrikaans en Afrikanerkultuur te organiseer, is om jou kultuurtande te slyp en aan jou kultuuraksie net nóg hande en voete te gee.

As jy dus ernstig voel oor ons kultuur, kan jy nie na skool van ons georganiseerde kultuurtoneel verdwyn nie. Die Voortrekkers roep jou as staatmaker of offisier; die Rapportryers wil jou vra om hulle te help om hulle kultuurboodskap in die plaaslike omgewing uit te dra; die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) soek dinamiese jongmense om hulle 80 projekte landswyd te ondersteun; Jong Dames Dinamiek is prominent en vroulik-aantreklik, meer as ooit; op ons kampusse is daar talle studente wat deelneem aan Afrikaanse en Afrikanerkultuurorganisasies met die mooiste name soos Here XVII , Cantare ensomeer. Die KKNK elke paasvakansie op Oudtshoorn en Aardklop in September op Potch trek jongmense soos jy wat wil kamp en sing en ons moderne eie wil geniet. Al moet jy hier en daar die kaf van die koring skei.

Daarom beëindig ons hierdie gesprek soos ons hom begin het. Met 'n opdrag.

Opdrag 4

Elkeen van die span of groep skakel by ten minste een georganiseerde kultuuraksie na skool in. Die span kom aan die einde van hulle eerste jaar na skool weer bymekaar om hieroor aan mekaar verslag te lewer en idees by mekaar uit te ruil. Die persone wat hierdie byeenkoms reël, word nou reeds aangewys.